19 AUGUSTUS 2018

09:00 Erediens – Nagmaal

Eric Scholtz

Geen Kleuterkerk of Kategese a.g.v. nagmaal

18:00 Belydenisaflegging & Pelgrimsgroepe
(Snr. Kategese)

Immanuel van Tonder

As deel van die belydenisklasprogram woon ons belydenisklas en hulle ouers **vanaand** die aanddiens by NG Villeria by. Na afloop van die erediens drink ons saam met die jongmense van ECHO Youth Development koffie. Ons ontmoet mekaar om **18:15** by **NG Villeria**. Vir meer inligting kontak gerus vir Fay van Eeden 083 478 0854.

Baie geluk aan die volgende jongmense wat vanaand belydenis van geloof aflê:
Pierre de Villiers, Richard Irvine, Gerhard Swart, Chris van Gass en Lauranne Viviers.

26 AUGUSTUS 2018

09:00 Erediens – Kerk

Juan Aveling

09:00 Gesinsdiens – Saal

Peet Crous

Kleuterkerk en Kategese saam met Gesinsdiens

18:00 Nagmaal-aanddiens & Pelgrimsgroepe
(Snr. Kategese)

Jeanri Bezuidenhout

19:00 Belydenisklas

Kursus #1: Spiritualiteit van die lewe *(Grootgroep)*

Kerkraadsvergadering 27 Augustus 2018
om 19:00 in Koinonia

Die predikante se jaarbeplanning vir 2019 vind vanaf 4-6 September plaas. Terwille daarvan word 'n paar gespreksgeleenthede oor kerkwees gereël. Dit vind plaas op Sondag 26 Augustus om 10:15 in die saal, Dinsdag 4 September om 08:30 in die Kapel, en Woensdag 5 September om 18:00 in die saal. U is welkom om by een van hierdie geleenthede in te skakel en aan die gesprek deel te neem om op die wyse ook 'n inset ten opsigte van die beplanning te lewer.

Het jy al gewonder wat om met ou yskaste, tv's, tuimeldroërs, rekenaars ens. te maak? Bring dit van vandag tot 2 September na die kerk en dit sal herwin word. Met die wins wat ons maak, plant Ekologiebediening inheemse bome. Kontak Peet Crous 079 893 5572.

Lente is om die draai…vir baie van ons beteken dit *springcleaning*. Bring gerus jou ou klere en merk die sak 'springcleaning'. Die klere sal aan minderbevoorregtes geskenk word.

Voorbidding:

Gerhard en Hanlie Verwey en gesin, Kings Highway 436B, Lynnwood, 082 467 6467 – Hanlie se ma, Dollie, in Lynnmed Kliniek.

Die week se kalenderaktiwiteite

Maandag:	**Gemeentevroue Komiteevergadering** 16:00 (A21).
Dinsdag:	**Bybelstudie** 08:15 (Nerina Deale, Elveramstraat 51, Lynnwood Glen, 012 361 1896) – Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572. **Bybelstudie** 08:30 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413. **Nuwe Generasie Bybelskool** 19:00 (Sjêk) – Jakkie Strachan 084 547 1660. **Bybelstudie** 19:15 (Koinonia) – Immanuel van Tonder. Tema: *Wat is die mens?*
Woensdag:	**Eiendomsbediening** vergadering 18:00 (Kerkkantoor). **Studente-selgroep** 19:00 (Sjêk) – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836. **"Young couples"-omgeegroep** 19:00 – Fay van Eeden 083 478 0854.
Donderdag:	**Bybelstudie** 09:30 (Lynnwood Oord). **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413. **Jong Volwasse-omgeegroep** 19:00 (Sjêk) – Fay van Eeden 083 478 0854.
Vrydag:	**Bybelstudie** 08:00 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. **Gebedsgroep** 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke.

"#geeREG" Maaltydkoepon-stelsel:

Elke dag word daar in die strate van Pretoria en Centurion 'n bedrag van tot R4 miljoen vir bedelaars gegee. Solidariteit Helpende Hand se navorsing het vasgestel dat tot 90% van bedelaars dwelms misbruik. Die probleem word elke dag net groter. Deur die geeREG-projek kan u maaltydkoepons koop wat die behoeftes van bedelaars baie meer verantwoordelik aanspreek. Maaltydkoepons is by die Info-toonbank of die kerkkantoor beskikbaar @ R15 elk.

Dankoffers:

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder of elektroniese oorplasing. Bank-besonderhede: NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing) en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za of *Snap Scan*.

Snap here to pay

Kontak van die week: Dra mekaar se laste?

Dit is woorde wat in Galasiërs 6:2 voorkom: "Dra mekaar se laste, en gee op die manier uitvoering aan die wet van Christus." Ons vertolk hierdie woorde as betekenend dat ons mekaar moet help wanneer ons allerhande moeilikhede beleef. Ons moet mekaar ondersteun wanneer die laste van die lewe swaar word, te swaar vir een mens om te dra.

Hierdie woorde kan egter heeltemal anders verstaan word.

JP Versteeg was 'n Nederlandse teoloog, 'n Nuwe Testamentikus, wat al in 1987 op agt en veertigjarige ouderdom oorlede is. Te vroeg, sou 'n mens wou byvoeg. Want hy het tydens sy kort loopbaan as teoloog reeds groot indruk gemaak. Hy was ondermeer bekend vir sy vars verklaring van Bybelgedeeltes. Dit kom onder andere na vore in sy verklaring van bogenoemde teks, Galasiërs 6:2. Versteeg wys daarop dat die Griekse woord wat met "laste" vertaal word ook iets anders kan beteken: "Die Griekse woord wat Paulus hier gebruik, kan naas 'laste' en 'moeilikhede' ook weergegee word met 'gewigtighede', 'dinge wat beïndruk' en 'dinge wat iemand laat opval'… (Paulus) se vermaning is dus nie dat ons geduld moet hê met mekaar se moeilikhede nie, al is geduld ongetwyfeld 'n lofwaardige saak. Sy vermaning kom daarop neer dat ons dit moet verdra dat iemand anders bo ons uitstyg en dat ons nie neerhalend moet omgaan met die gewigtige bydraes wat mense lewer nie" (vry vertaal). Eerder as om dit te vertaal met: "Dra mekaar se laste", stel Versteeg voor dat Galasiërs 6:2 só gelees word: "Laat ruimte vir die dinge waardeur iemand anders opval en beïndruk."

So 'n verstaan van die teks maak ook sin binne die gang van die teksgedeelte. Galasiërs 6:1 sê dat ons iemand wat val, moet ophelp: "Broers, as iemand in die een of ander sonde val, moet julle wat julle deur die Gees laat lei, so iemand in 'n gees van sagmoedigheid reghelp." Galasiërs 6:2 sê dan dat ons iemand wat bo die res uitstyg nie moet aftrek nie. En die volgende vers, vers 3 sê dat ons onsself nie moet verbeel ons is belangriker as wat ons is nie. Ons moet onsself dus nie onregmatiglik verhef nie. En vers 4 sê dat ons onsself nie met ander moet vergelyk nie, of ons bo ander of benede ander is nie: "Laat elkeen sy eie doen en late ondersoek: as dit goed is, kan hy daarop trots wees sonder om dit met die van 'n ander te vergelyk."

Dra mekaar se laste, is sekerlik 'n nodige boodskap. Dit is egter net so 'n tydige boodskap dat ons ruimte moet laat vir die goeie dinge waardeur iemand opval, beïndruk en uitstyg.

Groete

Eric Scholtz
(Namens die predikantespan)

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die Info-toonbank na die diens vir enige navrae.

helplift NETWORK

EK BIED MY GAWE AAN:

Lynnwood Gemeente

Naam _____

Selfoonnommer _____ **Landlyn nommer** _____

E-posadres _____

Kort beskrywing van Gawe

_____

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

_____

_____ _____

Handtekening **Datum**

*** Handig asseblief in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.
*** Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan helplift@nglynnwood.co.za.

Gemeenskap

Uitnodiging: Laerskool Menlopark se Kruihoring Voortrekker Kommando word 65 jaar jonk. Alle voormalige Voortrekker offisiere van Kruithoring Kommando word genooi om op Saterdag 27 Oktober by Laerskool Menlopark saam verjaarsdagfees te kom hou. Sms/Whatsapp jou besonderhede aan 082 554 0594 of stuur 'n e-pos aan John de Jager by jdejager@duja.co.za. Stuur asb. ook enige foto's, staaltjies of herinneringe wat jy met hulle wil deel.

Eenslaapkamer-tuinwoonstelletjie vir enkel persoon word dringend benodig. Kontak asb. die kerkkantoor 012 348 1245 indien u kan help.

Vars Koud geparste Olyfolie van die Noord-Kaap. Kontak Cornelia 082 903 1427 of e-pos gjooste@global.co.za.

Kennisgewingborde: Indien u 'n kennisgewing op die borde wil plaas, bring dit asseblief na die kerkkantoor of Info-toonbank – baie dankie vir u samewerking in dié verband.

Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333. Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercarep@tshwane.gov.za. Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za. Water probleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of e-pos customercare@tshwane.gov.za. Watermeterlesings (deurgee) – rooster vir 2018 beskikbaar by www.tshwane.gov. Meer inligting oor ander gebeure op die web (by 'vorms').